SUNRIDGE VANDAG | SUNRIDGE TODAY

11 June 2020

Dear Parents

URGENT -
As regulations change, we need to ensure that we comply. This is an ever changing 'new' normal which we have to embrace, work with and apply.

'We have faced a huge task as we worked through the process of getting learners back into class. It is beyond the normal and while dealing with it we are teaching Grade 7's and continuing with remote teaching.

As if this is not all, we are also dealing with the planning of the revised curriculum and ultimately preparing our facilities for the return of our learners. Let me assure you that the staff are working under huge pressure to get the 'new' normal to work. They need to deal with challenges and provide solutions while keeping children in mind. This now also includes mental health as a new challenger to deal with. **The return will not be easy nor to the liking of all.**

We are going beyond the normal and in the end it is up to you to make the choice with what we can offer.

We will not be able to accommodate all 1050 learners returning at once. The return of ALL Grade 1, 2, 3 and 6 on the 6 July will not be possible due to the fact that we do not have enough classrooms to accommodate them all at once. With Grade 4 and 5 returning on 3 August we will be in need of a total of 35 classrooms. We looked at tents, containers and who knows what! This, however, will not work and to enter the premises, use ablution facilities safely, employ enough staff, etc. will not be possible. We spent hours trying to make the IMPOSSIBLE POSSIBLE!

We took all information into account and studied the outcome of different scenarios. We need to ensure sustainability but we also know that one shoe will not fit all. With quality education, health and safety in mind to allow time for proper cleaning and disinfecting we eventually came to only one possible solution. The best we can describe it is: "Load Schooling"

We are turning all available and suitable space into classrooms. We need to comply at all stages with the health and safety regulations and pass the inspection of the Occupation Health and Safety Compliance Officer. We are working with her and I must say we are making huge progress and comply with all regulations

Good news, we applied to the Department to deviate from the phased in return so that we can get Grade 1 to 6 back at the same time. This has been approved by them.

We want to start orientation in the week of 22 June and we want the school to be operational by 7 July.

Grade 7's must be at school at all times and we can only accommodate 50% on any day of the remaining 917 learners. We will, therefore, bring back 50% of each grade and each class every day. Your child will be at school every second day. We will take families and siblings into account to ensure that a family attends on a specific day and not on different days.

Our aim is to step up the curriculum coverage to allow the teacher to cover two days' work in one day. Due to the classes only at 50% capacity teaching can be much more effective. We are training staff in the 'new' normal and with much less movement our school day will provide us with more teaching time.

The most important part will be to be ruthlessly effective. We will provide accurate details within a week to allow parents to plan and prepare. Please note that the Department wants all learners back at school. We respect that but also your right to choose within the law. Our offer of remote teaching stands BUT parents must apply to do so. The instructions are clear and you need to send the form to the school (info@sunridge.co.za). Sadly some parents try to skip the Principal and send the forms directly to the Department. They get referred back to school and with the limited time available their appointment with me will not be speeded up.

Unfortunately some parents are refusing to or not keeping to the time frame of sending in their forms. This was requested as a priority as we are scheduling appointments per grade. This is fine but again they will have to wait. Grade 7 will be completed by Friday. Currently the Department provides feedback within 24 hours of my communication with them in this regard. I must admit that they are highly efficient and supportive.

We will follow procedures at all times. This service will also change as we will be teaching full time and availability of staff during normal school hours will not be possible.

When asked for information on returning to school you need to answer "YES" or "No". "No" at this stage will only be approved with relevant medical reasons (by the Department). Although we understand challenges, it is not our decision to make. You may communicate challenges to us but remember we only deal with them on receiving your application as mentioned above. We will continue providing remote education and deal with any issues.

We need data for our planning and as we continue we understand that some answers might change, so be it, we will deal with them as we move forward.

84% of our Grade 7’s returned successfully. 6% have already applied for exemption successfully and we will deal with another 4% who have applied. The remaining 6% are at risk as they neglected to apply.

**The future**

A few parents will battle with the idea of just dropping your child off BUT it is something you will need to do. Start practising it as well as the 1,5meter social distance when walking in line or waiting. We need to do this as we need to get our learners into our building within 45 minutes every morning. Please take note learners must also be collected within this 45 minute time frame.

We know and understand all uncertainties and will address them as we continue. It will take time, planning, consulting and a lot of patience. Let us deal with this together and with understanding.

I can assure you that we will comply with health and safety regulations BUT we will also be facing the reality of COVID-19. We will be required to deal with parents, learners, staff and whoever all were in contact with, be tested positive or negative and whatever challenges their might be. As long as we stay within the health and safety regulations, support one another and treat each other with respect, integrity, compassion and honesty  we will beat the challenges.

We might be open today, closed tomorrow and eventually we will all face it in one way or another. My choice and your choice will be different. Let us agree that we will disagree BUT I can assure you that my staff are working tremendously hard to serve your child and even harder to get this school to comply with regulations.

I know that we are just human and that whatever we have done cannot be any guarantee but I am proud to be at Sunridge.

More information will follow shortly.

Please stay safe.

Sunshine greetings

M DE VRIES
Principal

RABIE TRUST

TAVCOR
SUZUKI




#staysafe
#staypositive

Follow us on FACEBOOK!

11 Junie 2020

Geagte Ouers

DRINGEND -
Soos die regulasies verander, moet ons seker maak dat ons dit nakom. Hierdie is ‘n nuwe normaal wat voortdurend verander en ons moet dit aangryp, daarmee werk en dit toepas.

Dit is ‘n reusetaak om deur die proses te werk om die leerlinge terug op skool te kry. Ons is by normaal verby en terwyl ons die struikelblokke oorkom, ontvang die Gr 7-leerlinge onderrig en gaan ons steeds met afstandsonderrig voort. Bowenal is ons ook besig met beplanning vir die hersiene leerplan en die voorbereiding van ons fasiliteite vir die uiteindelike terugkeer van ons ander leerlinge. Ek kan u verseker dat die personeel onder enorme druk verkeer om die nuwe normaal te maak werk. Hulle moet, met die leerlinge in gedagte, struikelblokke oorkom en oplossings vind. **Die terugkeer gaan nie maklik wees nie en almal sal ook nie daarmee saamstem nie.**

Ons gaan by normaal verby en aan die einde van die dag sal u ‘n keuse moet maak uit dit wat ons kan aanbied. Dit is vanselfsprekend dat ons nie voorsiening kan maak vir al ons 1 050 leerlinge om terselfdertyd terug te keer nie. Dit sal nie moontlik wees vir ALLE Gr 1-, 2-, 3- en 6-leerlinge om tegelykertyd op 6 Julie terug te keer nie, aangesien ons eenvoudig nie genoeg klaskamers het om almal terselfdertyd te akkommodeer nie. Wanneer Gr 4 en 5 op 3 Augustus terugkeer, sal ons altesaam 35 klaskamers nodig hê. Ons het tente, vraghouers en vele ander opsies oorweeg, maar dit sal nie werk nie en om die terrein binne te kom, badkamergeriewe veilig te gebruik, genoegsame personeel aan te stel, ens. sou eenvoudig nie moontlik wees nie. Ons het ure daaraan bestee om die ONMOONTLIKE MOONTLIK te probeer maak!

Ons het alle besonderhede in ag geneem en die uitkoms van verskillende opsies bespreek. Ons moet volhoubaarheid verseker, maar ons weet ook dat een skoen nie vir almal pas nie. Met gehalte-onderrig, gesondheid en veiligheid in gedagte en om tyd vir behoorlike reiniging en sanitering toe te laat, het ons uiteindelik tot slegs een gevolgtrekking gekom - ons kan dit slegs beskryf as “Beurtonderrig”.

Alle beskikbare en geskikte ruimtes word nou in klaskamers omskep. Ons moet te alle tye aan die gesondheids- en veiligheidsregulasies voldoen en die inspeksie van die Beroepsgesondheids- en Veiligheidsbeampte slaag. Ons werk met haar saam, ons maak uitstekende vordering en kan al die regulasies nakom.

Die goeie nuus is dat ons aansoek gedoen het om van die beplande infasering af te wyk, sodat Gr 1 tot 6 terselfdertyd kan terugkeer, en dit is deur die Departement goedgekeur.

Ons wil gedurende die week van 22 Junie met oriëntering begin, sodat die skool teen 7 Julie operasioneel kan wees. Gr 7 moet elke dag by die skool wees en op enige ander dag sal ons slegs 50% van die oorblywende 917 leerlinge kan akkommodeer. Ons sal elke dag 50% van elke graad en elke klas terugbring. U kind sal elke tweede dag skool bywoon. Ons sal gesinne, boeties en sussies in berekening bring, sodat ‘n gesin op ‘n spesifieke dag skool toe kom en nie geskei word nie.

Ons beplan om dekking van die leerplan op te skerp, sodat ‘n onderwyser twee dae se werk in een dag kan afhandel. Aangesien slegs 50% van die klasse teenwoordig sal wees, kan onderrig baie meer doeltreffend geskied. Personeel ontvang opleiding in die nuwe normaal en met minder beweging gedurende die skooldag, is daar meer onderrigtyd.

Die belangrikste is dat ons doeltreffendheid tot die volgende vlak moet voer. Ons sal binne ‘n week noukeurige besonderhede verstrek, ten einde ouers in staat te stel om te beplan en voor te berei. Onthou asseblief dat die Departement alle leerlinge terug op skool wil hê. Ons respekteer dit, maar ons respekteer ook u reg om binne die perke van die wet te kies. Ons afstandsonderrig-aanbod bly staan, MAAR ouers moet daarvoor aansoek doen. Die instruksie is duidelik en u moet die vorm skool toe stuur (info@sunridge.co.za). Ongelukkig probeer ouers die Skoolhoof omseil en stuur die vorms direk na die Departement. Dit word dan terugverwys en met die beperkte tyd tot ons beskikking, word die ouers se afspraak met my op die langebaan geskuif.

Ons vind ook dat sommige ouers weier om die tydsraamwerk te gehoorsaam. Dit is in die haak, maar hulle sal ongelukkig moet wag, aangesien ons die grade wat versoek is om vorms in te stuur, eerste bedien. Gr 7 sal teen Vrydag voltooi wees. Op hierdie stadium ontvang ek binne 24 uur terugvoering van die Departement in hierdie verband. Ek moet erken hulle is uiters bekwaam en ondersteunend.

Ons volg te alle tye slegs prosedures. Hierdie diens sal ook verander, aangesien ons voltyds sal onderrig en personeel sal eenvoudig nie gedurende gewone skoolure beskikbaar wees nie.

Wanneer u besonderhede oor die terugkeer skool toe moet verstrek, moet u “Ja “ of “Nee” antwoord. “Nee” sal op hierdie stadium slegs met toepaslike mediese redes goedgekeur word (deur die Departement). Ons verstaan dat daar uitdagings is, maar dit is nie ons besluit nie. U kan u uitdagings met ons deel, maar onthou dat ons dit slegs kan hanteer wanneer ons u aansoek soos hierbo gemeld, ontvang het. Ons sal steeds afstandsonderrig aanbied en struikelblokke oorwin.

Ons het besonderhede vir ons beplanning nodig en ons verstaan dat sekere aangeleenthede in die toekoms mag verander maar ons sal dit hanteer soos dit oor ons pad kom.

84% van ons Gr 7-leerlinge het suksesvol teruggekeer, 6% het reeds suksesvol om kwytskelding aansoek gedoen en ons is besig met die ander 4% wat aansoek gedoen het. Die probleem is die oorblywende 6% wat nagelaat het om aansoek te doen.

**Die toekoms**

'n Paar ouers sal 'n probleem daarmee hê om hul kinders net af te laai, MAAR dit is iets wat u eenvoudig moet doen. Begin solank daaraan werk, asook die 1,5 m sosiale afstand wanneer u kind in 'n ry staan of wag. Ons moet dit doen, want ons moet elke oggend ons leerlinge binne 45 minute in die gebou kry. Neem asseblief kennis dat leerlinge binne die 45 minute-tydraamwerk gehaal moet word.

Ons is bewus van en het begrip vir alle onsekerhede en met verloop van tyd sal ons dit aanspreek – dit sal tyd, beplanning, beraadslaging en hope geduld verg. Kom ons pak dit saam aan, met verdraagsaamheid.

Ek kan u verseker dat ons aan alle gesondheids- en veiligheidsregulasies voldoen, MAAR ons moet ook die realiteit van COVID-19 in gedagte hou. Ons sal te doen hê met ouers, leerlinge, personeel en wie ook al in kontak was, positief of negatief getoets is en wat hul uitdagings ook mag wees. Solank ons binne die gesondheids- en veiligheidsregulasies bly, mekaar ondersteun en mekaar met respek, deernis, eerlikheid en integriteit behandel, sal ons alle struikelblokke oorwin.

Ons skool mag dalk vandag oop wees en môre toe, maar ons sal alles hanteer soos dit oor ons pad kom. My keuse en u keuse verskil dalk. Kom ons aanvaar dat ons nie saamstem nie MAAR ek kan u verseker dat my personeel baie hard werk om u kind te dien en dat hulle selfs harder werk om te verseker dat die skool aan alle regulasies voldoen.

Ek weet ons is almal maar net menslik en dat ons geen waarborge kan gee nie, maar ek is trots om deel van Sunridge te wees.

Meer inligting volg binnekort.

Bly asseblief veilig.

Sonskyngroete

M DE VRIES
Skoolhoof

RABIE TRUST

TAVCOR
SUZUKI




#blyveilig
#blypositief

MasterCard VISA

Follow us on
FACEBOOK!
Like
Facebook

## REFUND FOR MR & MISS SUNSHINE / APPEL

Parents who bought tickets for Mister and Miss Sunshine Jnr and Snr and/ or the Appel concert may send a photo of their tickets, together with their name, surname and banking details to ria@sunridge.co.za. Please also mention price of tickets and whether it was for an adult or child. Your money will be refunded in due course.

## TERUGBETALING VIR MNR. & MEJ. SONSKYN / APPEL

Ouers wat kaartjies vir Mnr. en Mej. Sonskyn Jnr. en Snr. en die Appelkonsert gekoop het, kan 'n foto van hul kaartjies, saam met naam, van en bankbesonderhede van ouers na ria@sunridge.co.za stuur. U moet asseblief ook noem wat die prys van die kaartjies was en of dit vir 'n volwassene of kind was. U geld sal later terugbetaal word.




MR & MISS SUNSHINE

Mrs Brown
2 Adult R 120
1 Children R60
Total paid: R180

Standard Bank (cheque acc)
Acc no.: 073 215 676
Branch code: 050017




APPEL CONCERT

Mrs Smith
4 Tickets
Total paid: R600

Standard Bank (cheque acc)
Acc no.: 073 215 676
Branch code: 050017

# PHOTO GALLERY / FOTOGALERY




















# WOW! THANK YOU ~ BAIE DANKIE



The 2 items in the photos have been donated to the school by the community.

An electronic tap for hand sanitizing especially for the Foundation Phase and a walk through sanitizer for the school.

Die 2 artikels op die foto's is deur die gemeenskap aan die skool geskenk.

Dit is 'n elektroniese kraan vir handsanitasie vir ons Grondslagfase-leerlinge en 'n deurstap-saniteerder vir die skool.




**#HeyThanks**



